



Skriflesing: 1 Tim 4:1-16

Tema: In God se 23.

Die rugbywêreldbeker 2019 het begin. In ons gelese gedeelte moedig Paulus die jongman Timoteus aan om die Here te dien. Hy gebruik voorbeelde wat ons ook op die wêreldbeker en sport in die algemeen, van toepassing kan maak.

Hy wys Timoteus daarop dat, soos die tyd na die wederkoms naderkom, dit al moeilike sal wees om 'n Christen te wees. Om te volhard in die bediening moet Timoteus reg eet, oefen en die spel speel. Indien Hy in die dien van die Here volhard, wag daar vir hom 'n belofte van lewe.

1. Soos die toernooi vorder, gaan dit nie makliker word nie

Die wedloop van geloof is nie 'n pretloop nie. Volgens buite Bybelse bronne het Paulus 'n jaar of twee na die skrywe van dié brief onder keiser Nero 'n marteldood gesterf. Hy is onthoof.

Natuurlik bestaan die gevaar van mense wat misleidende geeste navolg en leerstellings van bose geeste aanhang. Hierdie mense probeer hulle bes om ons te vervreem van die Here. Maar daar is 'n groter gevaar vir ons as kinders van die Here en dit is dwaalleer binne die kerk. Ons lees in 1 Tim 4:3 van Jode wat sê dat die dien van Christus nie genoeg is nie. Jy moet jou ook hou aan sekere voedselvoorskrifte. En daar is ook die Griekse filosowe wat mense oproep tot wêreldontvlugting.

In 2 Tim waarsku Paulus weer teen dwaalleraars binne die gemeente. In 2 Timoteus 3:4b-5 skryf Paulus oor dié mense in die swaar tye wat kom: ⁴Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. ⁵Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af."

In 2 Tim 4:3-4 lees ons van hierdie mense: ³"want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. ⁴Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend."

Die grootste gevaar vir ons in God se span is dat Godsdiens binne die kerk op sommige plekke gaan vervlak tot godsdiens waarin mense se begeertes en behoeftes sentraal staan.

Ons moet van hierdie onheilige en sinlose verdigsels wegbly. Ons moet ons inspan en stry vir wat reg is.

2. Ons moet reg eet.

Ons moet wegbly van gemorskos en kitskos. Daar is vandag baie materiaal beskikbaar wat mense gebruik vir hulle stiltetyd. En daar is niks met baie van hierdie materiaal verkeerd nie. Maar die oomblik as ek net dagstukkies en ander materiaal gebruik en ek maak nie meer my Bybel oop nie, eet ek net kitskos en dit is nie gesond nie. Selfs die preek vanoggend is nie meer die 100% suiwer Woord van God nie.

Ons moet ons onself voed met woorde van geloof en die goeie leer waarvan ons aanhangers geword het. Ons moet ons voed met die Bybel, dit is God se Woord en wil in mensetaal. Soos wat ons daaglik voedsel nodig het om te leef en te groei, so moet ons daaglik die Bybel as die Brood van die lewe eet.

Hoor hoe Paulus vir Timoteus in 2 Tim 3:14-17 oproep: “¹⁴Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was ¹⁵en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. ¹⁶Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, ¹⁷sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”

3. Ons moet oefen.

In 1 Tim 4:7-8 lees ons in Nuwe Lewende Vertaling: “Moenie tyd verkwis met redenasies oor goddelose idees en ouwroustories nie. Bestee jou tyd en energie daaraan om jouself te oefen tot geestelike fiksheid. Liggaamlike oefening het wel waarde, maar geestelike oefening is baie belangriker, want dit hou belofte in van beloning, sowel in hierdie lewe as in die volgende.”

Dinge wat outomaties kom in ons geestelike lewens is onfiksheid en sonde. Dit is moeite om te oefen. “Oefen” kan ook vertaal word met “dissipline”. Geestelike oefening en dissipline is dieselfde ding.

Net soos jy dissipline en 'n roetine nodig het om fiks en gesond te wees, net so het jy geestelike dissipline en roetine nodig om geestelik fiks te word. Ons moet gereeld oefen om die goeie te kies en die verkeerde te laat staan.

Waar begin geestelike roetine? Dit begin by 'n vaste tyd wat jy elke dag opsy sit om met God te kommunikeer. Hy praat met jou deur sy Woord en Gees en jy antwoord in gebed.

Jesus is van ons hierin 'n voorbeeld. Ons lees van Hom in Luk 5:16: “Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid.”

Geestelike roetine is om as kerk op 'n Sondag op te staan en erediens toe te kom. Oefen is ook om aan 'n geestelike groeigroep te behoort.

Maar nou kan ek nie net fikser en sterker word en dit nie ook gaan uitleef nie.

In die vraelys wat ons gemeente ingevul het, sê 88% van die gemeente dat hul ten minste weekliks stiltetyd hou en 77% sê hulle het gegroei in geloof in die afgelope jaar, maar ons sê ook dat ons minder uitreik na die wêreld as 4 jaar gelede. Dit mag nie gebeur nie! 'n Belangrike deel van ons getroue oefening en groei is om te speel in God se span.

4. Speel in God se span.

Ons moet getuig. Ons moet beveel en leer, lees, preek en onderrig gee. Gaan vertel ander van die goeie nuus van Jesus Christus.

Ons moet 'n voorbeeld in woord en gedrag, liefde, geloof en reinheid stel. Ons moet voorloop in die voetspore van Jesus. Ons moet self kwalifiseer, maar dit gaan nie net oor jouself nie. Ander kan deur jou leer en lewe tot geloof kom. Ons lees daarvan in 1 Tim 4:15-16: “¹⁵Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien. ¹⁶Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.”

Gebruik jou gawes. Hier geld die reël: “use it or lose it.” Almal van ons het 'n gawe of gawes van God ontvang. Gawes is ons geestelike spiere. As ons dit nie gebruik nie, gaan dit swak word en verdwyn. Ons moet nie ons lewe lank sit en wag dat iemand anders ons gawes vir ons moet ontdek nie. Raak betrokke by bediening en ontdek en ontwikkel so jou gawe/s.

4. Daar wag vir ons in God se span 'n belofte van lewe.

Wanneer ons in toewyding aan God leef, seën Hy vir ons met die geskenk van lewe en die ewige lewe.

Paulus skryf hiervan in 2 Tim 4:7-8: “⁷Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. ⁸Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.”

Afsluiting

Dit is makliker om oorgewig en onfiks te wees as fiks en gesond! Baie mense is tevrede met hoe hulle geestelik lyk en het geen of weining motivering om te groei en te verander nie. Die

gevolg is dat hulle geestelik lui, vetter en onfikser raak en lewe sonder om 'n impak te maak.

Miskien het jy ook 'n bietjie motivering en geestelike dissipline en oefening nodig. Jy is ten minste vanoggend in die erediens in 'n gymnasium. Maar jy gaan nie geestelik fiks raak met 'n eenkeer per week Sondag oefenprogram nie. Hoor vandag as die Here jou aanmoedig, jou motiveer om geestelik fiks te word. Mag Hy jou seën met wilskrag, met toewyding en met dissipline.

Soos die eindtyd naderkom, gaan dit nie makliker word om in God se span te speel nie.

Daarom moet ons getrou die Woord eet, elke dag oefen en voluit speel. Dan seën God vir ons met lewe.

Amen

MG van Rooyen

Predikant

Kraggakkamma Gemeente

